

**Woensdag 26 April**

**Skrifgedeelte: Openbaring 1:12-16; 2:12-17**

**Fokusgedeelte: Openbaring 2:12-17**

**Jesus Christus, ons Koning, se Woord stel alles oop en bloot**

In hierdie brief stel Christus Homself bekend as “Hy wat ’n skerp tweesnydende swaard het” (2:12). Dié tweesnydende swaard (oftewel die swaard met twee snykante) kom uit sy mond (1:16). Dit wil sê: dié swaard is sy Woord. Sy Woord sny na twee kante toe – dit maak enersyds God se oordeel bekend, en andersyds sy genade. Dit vlek ook die verborge denke en dade van elke mens oop (vgl. Heb. 4:12), sodat ons niks daarvan kan ontken nie.

In hierdie brief stel Christus dan die dinge van Pergamum oop en bloot. Eerstens bring Hy die gemeente se omstandighede aan die lig. In ’n samelewing wat só goddeloos is dat dit lyk of Satan daar regeer, word hulle vervolgd, selfs doodgemaak. Nogtans staan hulle vas en het hulle geloof nie prysgegee nie (2:13), deur God se beskikking. Daarmee troos Christus sy kerk. Wanneer dit lyk of die Bose die oorhand begin kry, sny die woorde van Christus die werklikheid oop, sodat ons kan weet dat Hy sy kerk in die geloof sal bewaar.

Sy Woord vlek egter ook alles oop wat sy kerk probeer wegsteek. Die gemeente in Pergamum wou die feit toesmeer dat hulle daar mense toelaat wat die gemeente tot ’n onsedelike lewenstyl wil verlei (2:14), soos Bileam in die tyd van Balak (Num. 31:16). Volgens die leer van die destydse Nikolaïete het hulle sonde goedgepraat (2:15). So iets sal Christus egter nie in sy kerk duld nie. Nie destyds nie, en ook nie vandag of enige ander tyd nie. Ons durf nie dinge wat God uitdruklik verbied, in sy kerk probeer invoer nie. Bekeer jou, sê Christus in vers 16, anders kom Ek teen jou “oorlog voer met die swaard van my mond”.

Aan die ander kant van die tweesnydende swaard is daar egter Christus se genade. Hy beloof dat Hy aan elkeen wat by sy Woord hou, ’n wit klippie sal gee – ’n toegangsbewys tot die koninkryk van God. Ons behoort immers aan Hom, want sy Naam is op ons geskryf (2:17). Laat ons dan in geloof vashou aan alles wat ons Koning Jesus Christus ons in sy Woord leer.

*Sing: Skrifberyming 40 (15-4):1, 4, 6, 7*

*Prof. GJC Jordaan (Jorrie) (emeritus)*